HOOFSTUK 3: LIDMAATSKAP

1. INLEIDING

1.1 Hierdie hoofstuk handel rondom die prosedure om lidmaatskap van Die Voortrekkers te bekom en die gedragskode wat van lede van Die Voortrekkers verwag sal word.

1.2 Lede van Die Voortrekkers wat tydelik buite die grense van Suid-Afrika of Namibië bly kan steeds lede van Die Voortrekkers bly mits hulle by ‘n bestaande Voortrekkerkommando, losveldkornetskap of staatmakergroep registreer.

2. VOORSKOOLSE JEUG: ONTDEKKERS

2.1 Kinders in hulle jare voor Gr 0 of R word nie lede van Die Voortrekkers nie maar kan wel aan aktiwiteite van Die Voortrekkers deelneem.

2.2 ‘n Ontdekker is nie ‘n geregistreerde jeuglid van Die Voortrekkers nie en betaal nie ledegeld nie. Sy ouers moet die vrywaringsvorm vir nie-lede teken alvorens hy aan enige aktiwiteite mag deelneem

2.3 ‘n Ontdekker volg nie ‘n spesifieke werksprogram nie en kry nie enige formele erkenning vir aktiwiteite afgehandel vanaf Die Voortrekkers nie.

2.4 ‘n Ontdekker ontvang nie enige getroue diens erkenning nie.

2.5 ‘n Ontdekker mag aktiewe Voortrekkerdrag dra.

3. JEUGLEDE

3.1 'n *Penkop* is 'n skoolgaande seun van Gr 0/R tot die sewende skooljaar.

3.2 'n *Drawwertjie* is 'n skoolgaande dogter van Gr0/R tot die sewende skooljaar.

3.3 'n *Verkenner* is 'n skoolgaande seun of dogter van die agste tot die twaalfde skooljaar; of 'n seun of 'n dogter wat reeds die skool verlaat het maar nog nie 18 jaar oud is nie.

3.4 Alle jeuglede word geregistreer, betaal ledegeld, dra aktiewe en formele voortrekkerdrag en kan in aanmerking kom vir al die toekennings wat deur Die Voortrekkers gemaak word.

4. STAATMAKERS

4.1 'n *Staatmaker* is 'n naskoolse man of dame, tussen die ouderdomme van 18 en 35 jaar, ongetroud, of getroud sonder skoolgaande kinders.

4.2 Alle Staatmakers word geregistreer, betaal ledegeld dra aktiewe en formele voortrekkerdrag en kan in aanmerking kom vir al die toekennings wat deur Die Voortrekkers gemaak word.

5. OFFISIERE

5.1 'n *Offisier* is 'n naskoolse persoon van 18 jaar en ouer wat 'n bepaalde amp (hoofstuk 4) in *Die Voortrekkers* beklee.

5.2 Alle offisiere word geregistreer, betaal ledegeld, dra aktiewe en formele voortrekkerdrag en kan in aanmerking kom vir al die toekennings wat deur Die Voortrekkers gemaak word.

6. HEEMRAADSLEDE

6.1 'n *Heemraadslid* is 'n naskoolse persoon van 18 jaar en ouer wat deur die jaarvergadering aangewys is om op die kommandobestuur te dien.

6.2 Alle Heemraadslede word geregistreer, betaal ledegeld mag aktiewe en formele voortrekkerdrag dra en kan in aanmerking kom vir al die toekennings wat deur Die Voortrekkers gemaak word.

7. JEUGVRIENDE

7.1 'n *Jeugvriend* is 'n naskoolse persoon van 18 jaar en ouer wat deel is van ‘n lojale ondersteunersgroep wat ‘n Voortrekkerkommando, gebiedskamp of ander groepering in Die Voortrekkers bystaan met take wat aan hom opgedra word.

7.2 'n Jeugvriend word wel geregistreer maar betaal nie ledegeld nie.

7.3 ‘n Jeugvriend ontvang nie getroue diens erkenning nie.

7.3 ‘n Jeugvriend mag aktiewe voortrekkerdrag dra.

8 ERELEDE

8.1 'n *Erelid* is 'n persoon aan wie die hoofbestuur erelidmaatskap toeken.

8.2 Erelidmaatskap word toegeken aan enige oud-lid van *Die Voortrekkers* wat na die oordeel van die hoofbestuur oor 'n lang tydperk besondere diens aan *Die Voortrekkers* as Voortrekker gelewer het.

8.3 Die hoofbestuur ken erelidmaatskap uit eie beweging of op grond van 'n behoorlik gemotiveerde aansoek van 'n gebiedsbestuur toe.

8.4 Die hoofbestuur stem per geslote stembriefie oor die aansoek en die toekenning geskied slegs indien minstens twee derdes van die aanwesige lede van die hoofbestuur ten gunste daarvan stem.

8.5 Die toekenning van die erelidmaatskap aan die betrokke persoon geskied tydens 'n funksie wat vir die doel gereël is deur die hoofdagbestuur of 'n gebiedsdagbestuur op koste van die hoofbestuur. 'n Oorkonde en 'n erepenning word by die geleentheid oorhandig.

8.6 'n Erelid mag aktiewe voortrekkerdrag dra.

9. BESKERMHERE

9.1 'n *Beskermheer* is 'n persoon wat na die oordeel van *Die Voortrekkers,* vanweë sy invloed posisie in die samelewing, beskerming kan verleen aan die belange van *Die Voortrekkers* op nasionale-, gebieds-, oord- of kommandovlak. 'n Beskermheer se termyn word bepaal deur die betrokke bestuursliggaam wat die beskermheer aanwys.

9.2 Beskermhere kan vir die volgende vlakke soos volg benoem word:

9.2.1 op nasionale vlak word net een hoofbeskermheer en een hoofbeskermvrou benoem;

9.2.2 op gebiedsvlak word soveel gebiedsbeskermhere en oordbeskermhere of -vroue benoem as wat die betrokke gebiedsbestuur nodig ag;

9.2.3 op kommandovlak word net een kommandobeskermheer of –vrou benoem.

9.3 'n Beskermheer moet aan die volgende vereistes voldoen:

9.3.1 hy moet 'n hoë profiel in die betrokke gemeenskap handhaaf en daartoe in staat wees om die belange van *Die Voortrekkers* te beskerm;

9.3.2 hy moet homself vereenselwig met die grondslag, wese en doelstellings van *Die Voortrekkers* en bereid wees om dit in die openbaar en op persoonlike vlak uit te leef;

9.3.3 hy moet bereid wees om die belange van *Die Voortrekkers* in die betrokke gemeenskap te bevorder in sover dit moontlik is om dit te doen op die vlak waarop hy funksioneer;

9.3.4 hy moet gewillig wees om bepaalde byeenkomste op die vlak waarvan hy beskermheer is by te woon en sekere funksies te verrig wat op daardie vlak van hom verwag word en

9.3.5 hy moet hom op persoonlike en openbare vlak verbind tot die morele en praktiese ondersteuning van bepaalde projekte wat *Die Voortrekkers* as sodanig of in samewerking met ander instansies aanpak of bedryf.

9.4 Die benoeming van 'n beskermheer geskied soos volg:

9.4.1 'n gemotiveerde aansoek word aan die betrokke bestuursliggaam voorgelê vir oorweging:

a) in die geval van 'n hoofbeskermheer lê die hoofdagbestuur die aansoek voor aan die hoofbestuur;
b) in die geval van 'n gebiedsbeskermheer lê die betrokke gebiedsbestuur die aansoek voor aan die hoofbestuur;
c) in die geval van 'n oordbeskermheer lê die betrokke oordbestuur die aansoek voor aan die gebiedsbestuur;
d) in die geval van 'n kommandobeskermheer lê die betrokke kommandobestuur die aansoek voor aan die gebiedsbestuur.

9.4.2 stemming geskied per geslote stembriefie op 'n vergadering van die betrokke bestuursliggaam,

9.4.3 die benoeming word goedgekeur nadat minstens twee derdes van die aanwesige lede van die betrokke bestuursliggaam ten gunste van die benoeming stem.

9.5 Nadat die benoeming van 'n beskermheer deur die betrokke bestuursliggaam goedgekeur is, nader die betrokke hoofdagbestuur, gebiedsdagbestuur, of kommandodagbestuur die benoemde persoon om te verneem of hy die benoeming aanvaar.

9.6 Indien sodanige persoon te kenne gee dat hy die benoeming sal aanvaar onderhewig aan die vereistes vervat in artikels 9.3 van hierdie hoofstuk, word die besluit bekendgestel op 'n wyse waarop die betrokke dagbestuur besluit.

9.7 Die inhuldiging van 'n beskermheer geskied tydens 'n funksie wat vir dié doel deur die betrokke dagbestuur op eie koste gereël word.
9.8 'n Beskermheer mag wel aktiewe voortrekkerdrag dra.

10. AANSOEK OM LIDMAATSKAP AS JEUGLEDE, OFFISIERE, STAATMAKERS, HEEMRAADSLEDE EN JEUGVRIENDE

10.1 Aansoek om lidmaatskap as geregistreerde lid van *Die Voortrekkers* geskied op die voorgeskrewe aansoekvorm vir die bepaalde kategorie. Artikel 15 van hierdie hoofstuk sit die aksiestappe daarvoor uiteen.
10.2 Aanvaarding van lidmaatskap is onderhewig aan die goedkeuring van die hoofbestuur op aanbeveling van die betrokke bestuursliggaam wanneer 'n voornemende lid aan die vereistes vir lidmaatskap soos in die grondwet bepaal, voldoen.
10.3 Aansoek om lidmaatskap van jeuglede:
10.3.1 Nadat ‘n aansoek om lidmaatskap as ‘n jeuglid gedoen is, neem die voornemende jeuglid vir ‘n tydperk van minstens een (1) maand slegs aan span- en kommando-aktiwiteite deel.
10.3.2 Wanneer die kommandodagbestuur oordeel dat die aansoek ‘n eerlike bona fide aansoek is, word die aansoek om lidmaatskap tesame met die ledegeld aan gebiedsbestuur en hoofbestuur vir die betrokke jaar direk deur die kommandodagbestuur na die betrokke gebiedsdagbestuur gestuur vir oorweging.
10.3.3 Wanneer daar ‘n redelike mate van twyfel rondom die aansoek bestaan kan sodanige kommandodagbestuur die aansoek vir ‘n maksimum van twee maande terughou voordat hy dit by die betrokke gebiedsdagbestuur indien.
10.3.4 Die betrokke gebiedsdagbestuur is bemagtig om probleemgevalle volgens meriete te hanteer.
10.4 Aansoek om lidmaatskap as volwasse lid word onmiddellik tesame met die ledegeld aan gebiedsbestuur en hoofbestuur vir die betrokke jaar, waar toepaslik, deur die betrokke kommandodagbestuur ingedien wanneer die kommandodagbestuur oordeel dat die aansoek ‘n eerlike bona fide aansoek is.
10.5 Indien 'n voornemende lid probeer om 'n aansoek buite die amptelike kanale om (byvoorbeeld in die media) tot verleentheid of nadeel van *Die Voortrekkers* te bevorder, verval so 'n aansoek summier.
10.6 Appèl na die betrokke gebiedsdagbestuur en na die hoofdagbestuur is moontlik wanneer 'n mindere liggaam nie die aansoek om lidmaatskap van 'n voornemende lid aanbeveel nie. Geen redes vir die afkeuring word aan voornemende lede of aan hulle ouers/voogde bekendgemaak nie.
10.7 Alle lede word na goedkeuring van lidmaatskap as lid van 'n Voortrekkerkommando of as lid van span of veldkornetskap los van 'n Voortrekkerkommando, geregistreer.
10.8 Bewys van lidmaatskap word aan die betrokke kommandobestuur deurgegee.

11 LEDEGELD

11.1 Elke lid van *Die Voortrekkers* betaal jaarliks aan die Voortrekkerkommando waarby hy geregistreer is, soveel ledegeld as waarop die hoofbestuur, gebiedsbestuur en kommando- of veldkornetskapsbestuur of staatmakerraad besluit onderworpe aan die bepalings van artikels 11.2 tot 11.7 van hierdie hoofstuk.
11.2 Beskermhere, erelede, jeugvriende en ander persone aan wie die hoofbestuur lidmaatskap toeken, betaal nie ledegeld nie.
11.3 Jeuglede wat inwoners is van weeshuise, inrigtings vir dowes, blindes, liggaamlik gestremdes en soortgelyke inrigtings, betaal nie ledegeld nie.
11.4 'n Persoon betaal nie dubbele ledegeld wanneer hy as 'n offisier, heemraadslid en/of 'n staatmaker optree nie.
11.5 ‘n Persoon betaal nie dubbele ledegeld wanneer hy aan meer as een kommando as 'n lid verbonde is nie met die verstande dat hy formeel registreer en ledegeld betaal in die kommando waar hy die hoogste rang beklee.
11.6 Ledegeld is onmiddellik met aansluiting en daarna jaarliks voor of op 31 Mei van die betrokke jaar betaalbaar.
11.7 ‘n Lid se lidmaatskap verval indien sy lidmaatskapgelde nie voor of op 31 Mei van die betrokke jaar betaal is nie en mag hy aan geen verdere aktiwiteite van Die Voortrekkers

deelneem nie. Hy verbeur ook ‘n toekenning vir getroue diens vir die betrokke jaar.

11.8 Lidmaatskapgelde vir die betrokke jaar en voorafgaande jare moet ten volle betaal wees ingeval van:

11.8.1 Inskrywing vir Hoofleierswag-,Presidentverkenner- en Voorslagtoetsing.

11.8.2 Nominasie en verkiesing tot enige bestuursliggaam van Die Voortrekkers behalwe in die geval van stigting van ‘n nuwe Voortrekkerkommando, los veldkornetskap of staatmaker-groep.

11.8.3 Nominasie en verkiesing tot enige jeugraad van Die Voortrekkers.

11.8.4 Toekenning van besondere prestasies soos in hoofstuk 11 van die reglemente uiteengesit.

11.8.5 Toekenning van getroue diens, graadwiel of ABC erkenning aan die einde van die betrokke jaar.

11.8.6 Benoeming as afgevaardigde of sekundi na ‘n meerdere vergadering van Die Voortrekkers.

11.9 Die kommandodagbestuur is verantwoordelik vir die vordering van die totale ledegeld soos in artikel 11.1 omskryf en moet die hoofbestuur en gebiedsbestuur se gedeelte aan die betrokke gebiedskantoor oorbetaal met nuwe aansoeke en alle ander ledegelde voor of op 31 Mei.

12. STUITING

Elke volwasse lid moet die onderstaande onderneming by aansluiting gee. Ander volwassenes wat by *Die Voortrekkers* betrokke is, moet ook voordat die aktiwiteit waarby hulle betrokke is ‘n aanvang neem, dieselfde onderneming gee:

“Ek aanvaar dat ek in die uitvoering van my Voortrekkerverpligtinge gestuit kan word, indien daar na die redelike oordeel van die betrokke bestuursliggaam ondersoek ingestel moet word na my optrede indien dit daarop sou dui dat dit in stryd is met die grondwet, reglemente, gedragskode en prosedures van Die Voortrekkers.

13. BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP

13.1 Lidmaatskap van *Die Voortrekkers* kan onder die volgende omstandighede beëindig word:

13.1.1 wanneer 'n lid skriftelik bedank en die betrokke bestuursliggaam die bedanking aanvaar;

13.1.2 wanneer 'n lid sonder opgaaf van aanvaarbare redes ondanks drie aanmanings, waarvan die finale skriftelik is, ophou om Voortrekkerwerk te doen;

13.1.3 wanneer 'n lid verhuis en nie binne drie maande by 'n ander Voortrekkerkommando of los veldkornetskap aansluit nie;

13.1.4 wanneer 'n lid versuim om sy ledegeld voor die sperdatum van 31 Mei te betaal;

13.1.5 wanneer daar dissiplinêr teen 'n lid opgetree word as gevolg van 'n optrede wat strydig is met die grondwet en reglemente;

13.1.6 wanneer 'n lid teenstrydig optree met die ondernemings wat hy in verband met lidmaatskap gegee het;

13.1.7 wanneer 'n lid vals inligting in sy aansoek om lidmaatskap verstrek het.

13.2 'n Lid se lidmaatskap word nie beïnvloed wanneer hy nie in 'n bepaalde jaar 'n getroue diens kenteken, graadwiel of ABC toekenning ontvang het nie.

13.3 Die kommandodagbestuur moet met beëindiging van lidmaatskap te alle tye die vorm vir beëindiging van lidmaatskap voltooi en aan die gebiedskantoor stuur.

14. GEDRAGSKODE

14.1 Inleiding

14.1.1 Die woord *gedragskode* bestaan uit twee elemente, naamlik *gedrag* (wat 'n handeling of bepaalde wyse van optrede aandui) en *kode* (wat reëls waartoe ooreengekom is, beteken). Daarom word in die algemeen verwys na gedragskode as die reëls waarvolgens lede van 'n organisasie hulle moet gedra.

14.1.2 Omdat 'n kode nie 'n wet is nie, impliseer die begrip *kode* verder dat 'n persoon vrywillig onderneem om hom by die reëls neer te lê wanneer hy 'n lid van die organisasie word. Indien 'n lid dit nie kan of wil nakom nie, kan sy lidmaatskap beëindig word. Gedragskode het dus te doen met die innerlike gesindheid en strewe wat deur die gedrag geopenbaar word.

14.1.3 Vir *Die Voortrekkers* is die gedragskode die voorskrifte waarvolgens die lede hulle gedrag en optrede moet inrig, nie slegs wanneer hulle in voortrekkerdrag is nie, maar ook in die alledaagse lewe. Hierdie gedragskode is gebaseer op die grondslag, wese, doelstellings en kode van *Die Voortrekkers,* asook op wellewendheid en welwillendheid teenoor die medemens en eerbied vir die eie. Daarom behoort die lewenswyse en optrede van 'n Voortrekker altyd tot eer van God en tot diens van volk, land en medemens te wees. Die voorskrifte vir Voortrekkers se optrede lê veel dieper as wat dit oppervlakkig mag voorkom.

14.1.4 Elemente van die gedragskode vir *Die Voortrekkers* is algaande opgebou uit sy eie tradisionele optrede en word hiermee ook omskryf. Hierdie uiterlike gedragslyne is noodsaaklik vir die dissipline in *Die Voortrekkers* en verseker dat elkeen weet hoe hy behoort op te tree sodat lede van *Die Voortrekkers* by alle georganiseerde aktiwiteite eenvormig optree. Die gedragskode is ‘n dinamiese deel van Voortrekkerwees wat egter voortdurend aanpas by die omstandighede van die tyd sonder om beginsels prys te gee.

14.2 Grondwet, reglemente en prosedures

Elke Voortrekker aanvaar die grondwet en onderneem om die reglemente en onderskeie prosedures wat daarvolgens uitgevaardig word, te eerbiedig. Geen Voortrekker is daar bo verhewe nie en niemand kan 'n Voortrekker van die bepalings daarvan vrystel nie. Vertoë om die grondwet, reglemente of prosedures te wysig, moet deur die regte kanale geskied.

14.3 Gesagstruktuur

Die gesagstruktuur van *Die Voortrekkers* is dienend van aard. Dit beteken dat persone in gesagsposisies nie outokraties optree nie, maar altyd moet oorweeg of sy optrede sodanig is dat dit die Voortrekkersaak en in die besonder die jeuglid se belange die beste dien.

14.4 Riglyne vir optrede van 'n volwasse lid in Die Voortrekkers

Elke volwasse lid van Die Voortrekkers aanvaar die volgende riglyne vir sy optrede omdat sy lewenswyse ook 'n leerboek vir die leier van môre is:

a) Om getrou te wees aan die missie, visie, grondslag, wese, doelstellings en volwasse belofte van Die Voortrekkers en om dit my eie te maak en dit te bevorder.

b) Om 'n Bybels-Christelike lewens- en wêreldbeskouing te handhaaf.

c) Om te weet dat dit in Die Voortrekkers om die jeuglid gaan, dat sy behoeftes en omstandighede bepalend moet wees en dat my positiewe siening van 'n kind 'n vormende invloed op die jeuglid sal hê.

d) Om lojaliteit en respek te betoon teenoor alle lede van Die Voortrekkers en my amp of posisie te beklee in 'n gees van hulpvaardigheid en welwillendheid.

e) Om te alle tye sober en onberispelik op te tree en my nie skuldig te maak aan misbruik (of die indruk van misbruik te laat) van enige aard nie.

f) Om my daarvan te weerhou om uitsprake oor dogmatiese of partypolitieke aangeleenthede te maak.

g) Om positief op te tree in die uitvoering van dissipline en niemand hardhandig, vernederend of verkleinerend te behandel nie.

h) Om bereid te wees om op 'n gereelde basis opleiding en verrykingsgeleenthede by te woon.

i) Om 'n ambassadeur vir Die Voortrekkers te wees en die beeld daarvan te bevorder.

j) Om pro-aktief te wees in my beplanning, regverdig in my oordeel en positief in my siening en nie myself of my span ten koste van ander te bevoordeel nie.

k) Om kreatief en inisiërend te dink en te doen en om nie die weg van minste ongerief te volg nie.

l) *Om betyds kennis te gee indien ek 'n verantwoordelikheid nie kan nakom nie en om goed voorbereid, entoesiasties en stiptelik te wees in die nakoming van my pligte.*

14.5 Verpligtings

14.5.1 Bywoning van vergaderings en funksies

'n Voortrekker kom al sy verpligtings met betrekking tot die bywoning van vergaderings of

funksies getrou na. Indien hy met rede verhinder word om dit te doen, stel hy die verantwoordelike persoon skriftelik asook sy sekundus daarvan in kennis en oorhandig alle toepaslike dokumentasie aan die sekundus.

14.5.2 Take

Dit is vir elke Voortrekker 'n saak van eer om die take wat hy onderneem het, te voltooi. Indien hy weens onvermydelike omstandighede nie kan uitvoer wat hy onderneem het nie, sorg hy vir 'n plaasvervanger en verwittig die verantwoordelike persoon daarvan. Die betrokke Voortrekker bly egter aanspreeklik vir die werk van sy plaasvervanger.

14.5.3 Optrede van jeuglede teenoor volwassenes

Elke jeuglid moet dieselfde eerbied en gehoorsaamheid aan alle volwassenes betoon as wat hy aan sy eie spanoffisier laat toekom.

14.6 Aanspreekvorm

14.6.1 In die openbaar

Voortrekkers onderskei tussen rangerkenning en aanspreekvorm, byvoorbeeld kommandoleier Susan Roos sal nou optree" [erkenning van rang] en "mevrou Roos (of Susan) [aanspreekvorm] sal u na vore kom?"

14.6.2 Vir skriftelike doeleindes

Vir presensie doeleindes in notules en ander skriftelike doeleindes, byvoorbeeld in briefwisseling word range gebruik, byvoorbeeld HL, AHL. Die sekretaris van 'n bestuursliggaam kan egter 'n brief afsluit met: *Kommandosekretaris: Die Voortrekkers Kruithoring.*

14.6.3 Vir informele doeleindes

Vir informele doeleindes en verwysing na persone in die notule wat by ‘n vergadering teenwoordig was kan volwassenes as oom/tannie, neef/nig of op die noemnaam aangespreek word.

14.7 Ander organisasies

14.7.1 Lede van Die Voortrekkers en bestuursliggame word dikwels genooi om deel te neem aan verrigtinge of funksies van ander organisasies of aktiwiteite wat deur ander instansies gereël word en sulke uitnodigings behoort aanvaar te word. So behoort kommando's deel te neem aan plaaslike aktiwiteite binne die gemeenskap waarin die kommando opereer (byvoorbeeld kultuurliggame), streke aan die aktiwiteite van sy omgewing, oorde aan aktiwiteite wat wyer as kommando- of streekgrense binne sy werwingsgebied strek, gebiede aan gebiedsaktiwiteite binne sy gesagsgebied en *Die Voortrekkers* aan nasionale aktiwiteite of funksies.

14.7.2 Voortrekkers verkry vooraf die toestemming van die betrokke bestuursliggaam voordat hulle met enige ander organisasie saamwerk of die hand na hulle uitreik. In so 'n geval hoef *Die Voortrekkers* hulle nie noodwendig met alle aspekte van daardie liggaam se doel en optrede te vereenselwig nie. Die grondslag, wese, doelstellings en kode van *Die Voortrekkers* mag nie deur sodanige samewerking in die gedrang kom nie. *Die Voortrekkers* kan homself nooit in die proses verloën nie en die outonomiteit van Die Voortrekkers moet erken word.

14.7.3 Kommando's moet alle ooreenkomste eerbiedig wat met gemeenskappe, kerke en skole bereik is ten opsigte van programtye. In die besonder moet die kommandobestuur ook met plaaslike gemeentes (kerke) reëlings tref indien jeuglede nie jeugaktiwiteite kan bywoon as gevolg van Voortrekkerkampe, nie.

14.8 Partypolitiek

Die Voortrekkers neem aan geen funksie of werksaamheid van partypolitieke aard deel nie maar lede word wel aangemoedig om as positiewe landsburger aan die daaglikse politiek deel te neem.

14.9 Media

14.9.1 Die hoofleier is gemagtig om verklarings oor Voortrekkersake van nasionale aard te maak, gebiedsleiers oor gebiedsaangeleenthede, oordleiers oor oordsake en kommandoleiers oor plaaslike aangeleenthede.

14.9.2 Geen Voortrekker mag sonder magtiging deur middel van artikels, briewe of onderhoude in die openbare media 'n interpretasie gee van beleid- of beginselsake van *Die Voortrekkers* nie.
14.9.3 Geen Voortrekker mag 'n personderhoud toestaan of aan 'n radio- of televisieprogram deelneem sonder die toestemming van die betrokke bestuursliggaam nie.
14.9.4 Alle Voortrekkers kan gewone nuusberigte rondom Voortrekkeraktiwiteite vryelik aan die media beskikbaar stel en aktief deelneem aan briewekolomme van koerante.

14.10 Huweliksaangeleenthede

Wanneer 'n volwasse lid in 'n huweliksgeding of ander soortgelyke onaanvaarbare gedrag betrokke raak (byvoorbeeld 'n buite-egtelike verhouding), moet die bestuursliggaam van die hoogste vlak waarby die lid betrokke is, die saak beoordeel en die ondergenoemde sake oorweeg en besluit of die persoon in sy posisie gehandhaaf kan bly:

14.10.1 Sal die posisie waarin die betrokke persoon hom bevind aanstoot gee in die gemeenskap waarin die persoon optree?
14.10.2 Sal die betrokke persoon ongestoord met sy werksaamhede kan voortgaan?
14.10.3 Sal die betrokke persoon in die omstandighede van die geval aanvaarbaar bly as volwasse lid op die bepaalde vlak?

14.11 Alkoholiese drank

14.11.1 Die gebruik van alkoholiese drank by Voortrekkergeleenthede moet omsigtig hanteer word.
14.11.2 Elke gebieds-, oord-, kommando- of kampbestuur moet self riglyne vir ‘n bepaalde aktiwiteit hieroor neerlê waarin die beginsel vervat is dat wanneer 'n volwassene aan diens is en met jeuglede moet werk, hy nie alkoholiese drank mag gebruik nie.

14.12 Kleredrag

14.12.1 Die Voortrekkerlapelwapen mag na willekeur by privaatklere gedra word.
14.12.2 Enige item waarop die Voortrekkerwapen of die naam van *Die Voortrekkers* gebruik word mag nie ook ander kentekens of bewoordings bevat wat in stryd is met die grondslag, wese, doelstellings en kode van *Die Voortrekkers* nie.
14.12.3 Aktiewe en formele Voortrekkerdrag word net deur die Voortrekkerdepot beskikbaar gestel.

14.13 Gedragskode vir die gebruik van die Voortrekkerdrag

14.13.1 Voortrekkeraktiwiteite word in die bepaalde voortrekkerdrag bygewoon wat die bevelvoerende offisier aandui, tensy vooraf spesifiek ander opdragte gegee is.
14.13.2 'n Voortrekker dra die voorgeskrewe voortrekkerdrag altyd volledig ooreenkomstig die bepalings in hoofstuk 26 van die reglemente.
14.13.4 'n Voortrekker mag nie sy voortrekkerdrag dra wanneer hy op sy eie kollekteer of kaartjies verkoop nie.
14.13.5 Geen Voortrekker tree in voortrekkerdrag by enige partypolitieke byeenkoms op nie.
14.13.6 Voortrekkers neem nie in voortrekkerdrag deel aan byeenkomste van ander organisasies nie, tensy hulle bevelvoerende offisiere hulle daartoe magtig.

14.14 Optrede van Voortrekkers in die openbaar

14.14.1 Wanneer 'n Voortrekker in die openbaar optree, selfs in nie-Voortrekkerverband, is hy 'n beelddraer van *Die Voortrekkers*.
14.14.2 Die optrede en uitsprake van Voortrekkers mag nooit in stryd wees met die grondslag en wese, doelstellings en kode of die bepalings van die grondwet, reglemente en prosedures of enige spesifieke besluite van *Die Voortrekkers* nie.
14.14.3 Die optrede van leiers mag nooit *Die Voortrekkers* in gedrang bring of in die verleentheid stel nie.
14.14.4 Voortrekkers mag nooit hulle persoonlike oortuigings of beskouings op politieke, kerklike of ander vlakke van die openbare lewe aan spanne, kommando's, oorde of *Die Voortrekkers* as geheel verkondig nie.

14.15 Geleenthede binne Voortrekkerverband waar leiers optree

14.15.1 Geleenthede binne Voortrekkerverband behoort verband te hou met Voortrekker werksaamhede.

14.15.2 Elke leier tree primêr op by geleenthede van die vlak waartoe hy verkies is, byvoorbeeld kommandodagbestuurslede tydens geleenthede van plaaslike belang, oorddagbestuurslede by geleenthede wat op die oord betrekking het, gebiedsdagbestuurslede waar die belange van die gebiede betrokke is en hoofdagbestuurslede op nasionale vlak.

14.15.3 Daarbenewens kan leiers ook vir oorkruis optredes genooi word, byvoorbeeld 'n hoofdagbestuurslid na 'n kommando- of oordbyeenkoms.

14.15.4 By sulke oorkruis uitnodigings is die basiese etiket dat die liggaam wat 'n leier uitnooi ook ander belanghebbende bestuursliggame daarvan in kennis stel, byvoorbeeld as 'n kommando 'n gebiedsdagbestuurslid nooi, moet hy die oordbestuur ook daarvan in kennis stel.

14.15.5 Hoofstuk 28 handel oor *protokol* en dui riglyne aan vir sulke optredes.

14.16 Ander geleenthede waarna Voortrekkers uitgenooi word

Voortrekkers word dikwels op grond van hulle kundigheid of rol in die samelewing genooi om deel te neem aan gemeenskapsaktiwiteite of funksies en die volgende moontlikhede kan onderskei word:

14.16.1 Uitnodigings om tydens funksies op te tree

Hier gaan dit om die individuele lid se vermoë en die volwasse lid besluit self of hy die uitnodiging aanvaar of nie.

14.16.2 Uitnodigings om op deurlopende, nie-politieke komitees te dien

Deelname aan sulke komitees soos kultuurkomitees in die eie omgewing behoort aangemoedig te word.

Jeugleierverteenwoordiging kan ook plaasvind indien dit onder die direkte voogskap van 'n betrokke dagbestuurslid geskied.

14.16.3 Uitnodigings om op ad hoc-komitees met 'n spesifieke taakopdrag te dien

Verskillende owerheidsliggame rig uitnodigings om op ad hoc-komitees te dien waartydens beleidsvoorstelle gemaak word. Dit is belangrik om te dien sodat 'n bydrae uit Voortrekkerperspektief gemaak kan word.

14.16.4 Uitnodigings na aktiwiteite wat deur politieke partye gereël word

Die Voortrekkers neem hoegenaamd nie aan sodanige aksies deel nie. Dit staan individuele Voortrekkers vry om in hulle persoonlike hoedanigheid aan sodanige aksies deel te neem sonder om *Die Voortrekkers* by implikasie daarby te betrek.

14.16.5 Uitnodigings om deel te neem aan 'n funksie van 'n instansie waarop Die Voortrekkers nie verteenwoordig is nie

Voortrekkers kan deelneem mits die aard van die funksie nie in stryd is met Die Voortrekkers se norme nie, byvoorbeeld eeufeesvieringe van 'n stad of dorp of ander feeste. In so 'n geval mag politieke partye as deel van die betrokke gemeenskap ook aan die verrigtinge deelneem sonder beletsel vir *Die Voortrekkers* mits die geleentheid nie in 'n partypolitieke aksie ontaard nie.

14.17 Finansiële aangeleenthede

14.17.1 Fondsinsameling

a) Insameling van fondse deur kompetisies waarby loting betrokke is vir die aanwysing van 'n wenner mag nie in *Die Voortrekkers* gebruik word nie.
b) *Die Voortrekkers* moet daarteen waak om nie deur ander organisasies vir fondsinsameling misbruik te word nie.

14.17.2 Donasies aan Die Voortrekkers

a) Kommando's, streke, oorde en gebiede mag net plaaslike instansies om skenkings nader.
b) Die hoofkantore van maatskappye wat landwyd funksioneer mag net deur die hoofdagbestuur om donasies genader te word. Geen versoeke behoort op plaaslike vlak aan sulke organisasies gedoen te word sonder die instemming van die hoofdagbestuur nie.

14.17.3 Skenkings deur Die Voortrekkers

Enige bestuursliggaam kan op eie beweging 'n skenking aan enige instansie maak ter bevordering van die doelstellings van *Die Voortrekkers*.

14.18 Rou

14.18.1 'n Mosie van rou word in dieselfde lig as eerbetoon aan vlae of eerbetoon tydens kranslegging gesien. Daar word nie 'n gebedshouding ingeneem nie. Eerbetoon geskied in formele voortrekkerdrag.

14.18.2 Roubetoon aan afgestorwe beskermhere, oud-lede of lede kan geskied deur die Voortrekkervlag by die eerste toepaslike geleentheid vanaf vlaghysing tot vlagstryking halfmas te voer en 'n kort huldeblyk te lewer deur die bevelvoerende offisier of 'n persoon deur hom daartoe aangewys.

14.19 Kommandoverlof

14.19.1 'n Gebiedsdagbestuur kan dienserkenning vir kommandoverlof op meriete oorweeg op voorwaarde dat die aansoek ontvang word voordat sodanige verlof in aanvang neem.

14.19.2 Kommandoverlof is nie in die geval van *penkoppe, drawwertjies en Verkenners* moontlik nie, behalwe in die geval van langdurige siekte.

14.19.3 Verlof vir volwasse lede kan net oorweeg word nadat die volwasse lid minstens vyf jaar ononderbroke getroue diens gelewer het.

14.19.4 Die verloftydperk moet normaalweg nie een jaar oorskry nie.

14.19.5 Dienserkenning vir die tydperk vind eers plaas nadat die lid een jaar getroue diens gelewer het na verstryking van die verloftydperk.

14.20 Ontneming van toekennings

Geen toekenning wat aan 'n Voortrekker oorhandig is kan hom op 'n later stadium ontneem word nie, behalwe indien die toekenning nie op 'n *bona fide* wyse verwerf is nie.

14.21 Saluut

14.21.1 Voortrekkers salueer slegs die vlae en tydens die aflegging van beloftes.

14.21.2 Wanneer 'n Voortrekker salueer doen hy dit flink en op die voorgeskrewe manier.

14.21.3 Voortrekkers gebruik nie die saluut as 'n vorm van groet nie.

14.22 Nasionale liedere

14.22.1 Wanneer die nasionale lied van die betrokke land waarin Die Voortrekkers funksioneer tydens 'n Voortrekkerbyeenkoms gesing of gespeel word, word soos volg opgetree:

a) Die volwasse lid met die hoogste rang wat teenwoordig is neem die saluut. 'n Jeuglid, volwasse lid met 'n laer rang of 'n besoeker kan ook die saluut neem, maar met die toestemming van die volwasse lid met die hoogste rang.

b) Die saluutoffisier bly op saluut solank die betrokke lied gesing of gespeel word. Die ander lede van *Die Voortrekkers* bly op aandag. Indien daar gesing word, sing hulle saam.

c) Die bevelvoerende offisier kan ook met die volwasse lid met die hoogste rang ooreenkom dat almal saam saluut neem en saam die nasionale lied sing.

14.22.2 Wanneer 'n nasionale lied oor die radio of televisie of as deel van 'n item tydens 'n konsert of funksie gespeel, gesing of voorgedra word, bly almal sit en word daar nie gesalueer nie.

14.22.3 Wanneer die nasionale lied van enige ander land as eerbewys gespeel word, staan Voortrekkers op aandag vir solank die betrokke lied gespeel word.

14.23 Vlagkode

Die Voortrekkers maak gereeld gebruik van vlae in seremonies en die toepaslike bepalings (vlagkode) word in hoofstuk 27 van die reglemente en verwante literatuur omskryf.

14.24 Beloftes

14.24.1 Voortrekkers dra formele voortrekkerdrag wanneer hulle ingelyf word.

14.24.2 Die toepaslik belofte kan gelees, voorgedra of saam opgesê word en indien dit net voorgehou word moet elkeen dit persoonlik hardop bevestig.

14.24.3 Almal wat ingelyf word kom op aandag tydens die aflegging van die belofte.
14.24.4 Een offisier of staatmaker, gewoonlik die persoon met die hoogste rang wat teenwoordig is, neem die saluut tydens die aflegging van die belofte. Wanneer iemand anders as die offisier of staatmaker met die hoogste rang die saluut neem, moet die toestemming van die persoon hoogste in rang vooraf verkry word.

14.25 Begrafnisse

Daar moet gepaste reëlings vir eerbetoon tydens 'n begrafnis getref word.

14.26 Gedrag wat in stryd is met die grondwet, reglemente en prosedures

14.26.1 Enige gedrag van 'n lid van *Die Voortrekkers* of 'n ander persoon wat by *Die Voortrekkers b*etrokke is wat in stryd is met die grondwet, reglemente en prosedures van die betrokke bestuursliggaam, is onaanvaarbaar en daar sal opgetree word teen enigeen wat hom daaraan skuldig maak in ooreenstemming met die bepalings in hoofstuk 16 van die reglemente.
14.26.2 Indien ‘n bestuursliggaam of kampbestuur 'n stuiting op ‘n persoon uitvoer, moet die aangeleentheid binne 10 dae hanteer word ooreenkomstig die bepalings in hoofstuk 16 van die reglemente.

15 RIGLYNE OOR LIDMAATSKAP VAN DIE VOORTREKKERS

15.1 Hierdie riglyn is daarop gerig om aan bestuursliggame leiding te gee oor die hantering van aansoeke om lidmaatskap van *Die Voortrekkers*. Die riglyn is van toepassing op alle bestuursliggame wat lidmaatskapsaansoeke hanteer.
15.2 Die kommandobestuur beveel lidmaatskap op grond van onderstaande beginsels by die hoofbestuur aan en die gebiedsbestuur bekragtig dit.

15.3 Beginsels vir lidmaatskap

15.3.1 Prinsipiële vertrekpunt
Die volgende bepalings van die grondwet dien as prinsipiële vertrekpunt: grondslag (art 2), wese (art 3), doelstellings (art 4), lidmaatskap (art 8) en woordomskrywings (art 32.7, 32.8 en 32.9).
15.3.2 Kultuurhistoriese vertrekpunt
Die kultuurhistoriese agtergrond van die Afrikanervolk dui daarop dat die Afrikaner uit Europese volkere ontstaan het. Die Afrikanervolk het met verloop van tyd persone uit verskillende volkskulture opgeneem nadat hulle met die Afrikanervolk vereenselwig het. Wanneer so 'n individu deur Afrikaners aanvaar is, in hulle geledere opgeneem en as Afrikaner gereken word, kan hy 'n Voortrekker word.
15.3.3 Vereenselwiging met die grondslag, wese, doelstellings en kode
'n Voornemende lid (of in die geval van 'n jeuglid, sy ouers) moet hom deeglik vergewis van die grondslag, wese, doelstellings en kode van *Die Voortrekkers*, hom onvoorwaardelik daarmee vereenselwig en in die geval van 'n volwassene dit ook onderskryf en uitleef.
15.3.4 Voldoening aan die vereistes van die grondwet
'n Voornemende lid moet aan al die vereistes voldoen wat die grondwet stel. Kortliks kan dit gestel word as vereenselwiging met die Afrikanervolk soos deur *Die Voortrekkers* omskryf.
15.3.5 Wedersydse aanvaarding
‘n Voornemende lid moet ook vir sy mede-Voortrekkers met wie hy gaan saamwerk om die grondslag, wese, doelstellings en kode van *Die Voortrekkers* te verwesenlik, aanvaarbaar wees. Hierdie beginsel beteken dat *Die Voortrekkers* onbelemmerd sy doelstellings kan nastreef en uitbou met die sekerheid dat (nuwe) lede nie kan eis dat sekere sake afgewater word ten einde ander te akkommodeer wat van die grondslag, wese, doelstellings en kode verskil nie.
15.3.6 Verantwoordelikheid van die plaaslike kultuurgemeenskap
As volkseie kultuurbeweging funksioneer *Die Voortrekkers* in noue kontak met die gemeenskap wat hy dien. *Die Voortrekkers* is gerig op die oordra, uitbou, waardering en bewaring van die Afrikanerkultuur en ons kultuurerfenis. Hierdie kultuurerfenis staan nooit

los van die gemeenskap nie. Uitgaande van die beginsel van wedersydse aanvaarbaarheid berus die besluit vir die aanvaarbaarheid eerstens by die plaaslike Voortrekkerkommando. Daarom rus 'n groot verantwoordelikheid op die plaaslike Voortrekkerkommando veral in die lig daarvan dat *Die Voortrekkers* ook op oord-, gebieds- en nasionale vlak, wat 'n ryke verskeidenheid openbaar, funksioneer. Daarom moet elke Voortrekker op elkeen van hierdie vlakke sonder verleentheid vir homself of ander kan optree. Wanneer Voortrekkerkommando's en lede van *Die Voortrekkers* op hierdie vlakke met mekaar saamwerk moet die uitgangspunt steeds wees dat elke Voortrekker aanvaar dat alle ander Voortrekkers hulle kragtens hulle belofte met die grondslag, wese en doelstellings onvoorwaardelik vereenselwig. So 'n benadering laat die klem val op dit wat ons gesamentlik met mekaar deel asook op Afrikanereensgesindheid. Dit bied verder ook geleentheid tot wedersydse verryking sodat die jeug beter toegerus kan word tot 'n lewenswyse van eer aan God, en diens aan volk, land en medemens.

15.3.7 Beoordeel elke aansoek op sy eie meriete
Die Afrikaner en dus ook die gemeenskappe waarbinne die onderskeie Voortrekkerkommando's funksioneer is nie homogeen nie. Die diversiteit in die plaaslike gemeenskappe sal ongetywfeld meebring dat Voortrekkerkommando's van mekaar sal verskil in die kriteria vir "aanvaarbaarheid" wanneer dit by toelating van nuwe lede kom. 'n Voorskriftelike benadering waarin 'n algemeen geldende riglyn vir toelating neergelê word, hou nie genoeg rekening met die mondigheid en verantwoordelikheid van die plaaslike Voortrekkerkommando nie. Daarom is dit nodig om elke aansoek moet op sy eie meriete volgens sowel plaaslike omstandighede as binne die breë Voortrekkerverband beoordeel word.

15.4 Stappe met lidmaatskapaansoek van lede

15.4.1 Identifiseer potensiële lede wat aan die lidmaatskapvereistes van jeuglede of volwasse lede voldoen.
15.4.2 Nooi voornemende lede uit om aansoek te doen om lidmaatskap.
15.4.3 Oorhandig die lidmaatskapsbrosjure en betrokke aansoekvorms aan die potensiële lede.
15.4.4 Die persoon mag aan geen aktiwiteite deelneem alvorens die voltooide aansoekvorm en vereiste ledegelde nie ontvang is nie.
15.4.5 Kommandodagbestuur oorweeg of voornemende lede aan al die vereistes voldoen insluitende vereenselwiging.
15.4.6 Stuur suksesvolle aansoekvorms en ledegeld van volwasse lede onmiddellik aan betrokke AGL Administrasie vir hantering en goedkeuring van lidmaatskap namens Hoofbestuur.
15.4.7 Laat die voornemende jeuglid wat aanvaarbaar is deelneem aan die bedrywighede van die span/ kommando vir een maand, maar nie aan gebiedsaktiwiteite nie. Evalueer hom deurlopend vir voldoening aan lidmaatskapsvereistes.
15.4.8 Stuur suksesvolle aansoekvorms en ledegeld van jeuglede aan betrokke AGL Administrasie vir hantering en goedkeuring van lidmaatskap namens Hoofbestuur.
15.4.9 Die gebiedsdagbestuur en/of hoofdagbestuur hanteer te alle tye enige probleem rakende lidmaatskapaansoeke.

16. BROSJURE OOR LIDMAATSKAP VIR VOORNEMENDE LEDE

'n Kopie van hierdie brosjure moet saam met elke aansoekvorm om lidmaatskap aan die betrokke persone oorhandig word

1. AANSOEK OM LIDMAATSKAP AS 'N JEUGLID (PENKOP, DRAWWERTJIE OF VERKENNER)

Die prosedure om 'n jeuglid van *Die Voortrekkers* te word is soos volg:

1.1 'n Ouer of wettige voog van die kind wat aansoek doen om lidmaatskap moet 'n deeglike studie maak van die grondslag, wese, doelstellings en kode van *Die Voortrekkers* soos dit hieronder weergegee word.
1.2 Die ouer of wettige voog doen op die voorgeskrewe vorm aansoek om lidmaatskap vir sy kind, verleen toestemming dat die kind aktief blootgestel word aan die kultuuraktiwiteite van die Afrikanervolk soos deur *Die Voortrekkers* gedefinieer; en verleen vrywaring teen alle gebeurlikhede waar growwe nalatigheid nie ter sprake is nie.

1.3 Indien die kommandobestuur dit goedkeur word die kind genooi om aan die Voortrekkerkommando se bedrywighede deel te neem vir 'n tydperk van een (1) tot twee (2) maande. Daarna word die aansoek tesame met die Voortrekkerkommando se aanbeveling aan *Die Voortrekkers* voorgelê vir goedkeuring en registrasie. Na goedkeuring moet 'n lid die toepaslike belofte aflê. Registrasie as lid van *Die Voortrekkers* is 'n vereiste vir deelname aan aktiwiteite buite die Voortrekkerkommando.

1.4 'n Aansoek om lidmaatskap kan sonder bekendmaking van redes geweier word. Indien 'n aansoek geweier word het die Voortrekkerkommando die reg tot appèl na die betrokke gebiedsdagbestuur en na die hoofdagbestuur. Indien enigiemand probeer om 'n aansoek buite die amptelike kanale om (byvoorbeeld in die media), tot nadeel of verleentheid van *Die Voortrekkers* te bevorder, verval so 'n aansoek summier.

2. AANSOEK OM LIDMAATSKAP AS VOLWASSE LID (STAATMAKER, OFFISIER, HEEMRAADSLID OF JEUGVRIEND)

Die prosedure om 'n volwasse lid van *Die Voortrekkers* te word is soos volg:

2.1 Die kommandodagbestuur oordeel namens die kommandobestuur of 'n volwasse persoon se lewensinstelling so is dat hy/sy binne die raamwerk van die grondslag, wese, doelstellings en kode van *Die Voortrekkers* tuis sal voel in dié kultuurbeweging.

2.2 Slegs as die aansoek 'n redelike kans op sukses sal hê word die persoon genooi om aansoek te doen om lidmaatskap nadat hy/sy 'n deeglike studie gemaak het van die grondslag, wese, doelstellings en kode van *Die Voortrekkers* soos dit hieronder weergegee word.

2.3 Die persoon doen dan op die voorgeskrewe vorm aansoek om lidmaatskap en gevolglike omskrywing van die kultuuraktiwiteite van die Afrikanervolk soos deur *Die Voortrekkers* gedefinieer. Die persoon verleen ook vrywaring aan *Die Voortrekkers* teen die gevolge van alle gebeurlikhede met hom/haar waar growwe nalatigheid nie ter sprake is nie.

2.4 Indien *Die Voortrekkers* die aansoek goedkeur word die persoon geregistreer en kan dan as volwasse lid ten volle deelneem aan al *Die Voortrekkers* se aktiwiteite. 'n Lid word so gou doenlik na goedkeuring ingelyf deurdat hy die betrokke belofte as Staatmaker, offisier of heemraadslid aflê. Jeugvriende lê nie beloftes af nie.

2.5 'n Aansoek om lidmaatskap kan sonder bekendmaking van redes geweier word. Indien 'n aansoek geweier word het die Voortrekkerkommando die reg tot appèl na die betrokke gebiedsdagbestuur en na die hoofdagbestuur. Indien enigiemand probeer om die aansoek buite die amptelike kanale om (byvoorbeeld in die media), tot nadeel of verleentheid van *Die Voortrekkers* te bevorder, verval so 'n aansoek summier.

3. BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP

Die lidmaatskap van enige persoon kan beëindig word wanneer hy hom gedra op 'n wyse wat strydig is met die bepalings van die grondwet, reglemente en prosedures van *Die Voortrekkers.*

4. DIE BETROKKE ARTIKELS VAN DIE GRONDWET LUI SOOS VOLG:

GRONDSLAG (Artikel 2 van die grondwet)
Die grondslag van *Die Voortrekkers* is die Woord- en Skeppingsopenbaring van God Drie-enig.

WESE (Artikel 3 van die grondwet)
Die Voortrekkers is 'n outonome kultuurbeweging vir lede van die Afrikanervolk[1], in besonder sy jeug, gerig deur 'n Bybels-Christelike[2] lewens- en wêreldbeskouing tot 'n lewens-

[1] **Die Afrikanervolk se wesenskenmerke wat tot uiting kom in sy volkskarakter word omskryf volgens algemeen wetenskaplike en historiese beginsels wat vir die Afrikaner insluit die Christelike-Protestantse godsdienssin, algemeen aanvaarde waardes, norme, ideale en strewes asook gemeenskaplike kultuurgeskiedenis en tradisies, draer van die Afrikaanse taal, volgens afkoms en keuse uit die Europese volkskultuur, maar Afro-sentries gerig met 'n gemeenskaplike bodemgebondenheid aan Suidelike Afrika. 'n Persoon behoort tot die Afrikanervolk deur afkoms en vereenselwiging of deur vereenselwiging met die wesenskenmerke van die Afrikanervolk; en deur wedersydse aanvaarding.**

[2] **Dit word omskryf as daardie lewens- en wêreldbeskouing wat tot 'n lewenswyse lei om uit genade van God, volgens die Woord van God, uit die Christelike geloof en tot eer van God alleen te leef.**

wyse van eer aan God, en diens aan volk, land en medemens.

***DOELSTELLINGS* (Artikel 4 van die grondwet)**

Die doelstellings van *Die Voortrekkers* is:

4.1 om die geloof in die Drie-enige God en die Christelike godsdiens wat uit dié geloof voortspruit, uit te leef;

4.2 om gesag te aanvaar en die deugde te beoefen wat eie is aan die Bybels-Christelike lewe;

4.3 om die kultuur van die Afrikanervolk oor te dra, uit te bou en om ons kultuurerfenis te waardeer en te bewaar;

4.4 om uit die verlede van die Afrikanervolk dit te neem wat goed is en daarop te bou vir die toekoms;

4.5 om ons omgewing waar te neem, te waardeer en te bewaar;

4.6 om tot goeie landsburgers en leiers te ontwikkel;

4.7 om gewoontes van oplettendheid, ondersoek, waardering, selfbehoud en diensvaardigheid te ontwikkel.

***KODE (*Artikel 6 van die grondwet)**

Elke lid van *Die Voortrekkers* strewe daarna om die Voortrekkerkode na te leef, wat soos volg lui:

6.1 ‘n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.

6.2 ‘n Voortrekker lei ‘n Christelike lewe.

6.3 ‘n Voortrekker aanvaar gesag.

6.4 ‘n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.

6.5 ’n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.

6.6 ‘n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.

6.7 ‘n Voortrekker is ‘n goeie landsburger.

6.8 ‘n Voortrekker neem leiding.

6.9 ‘n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

6.10 ‘n Voortrekker is diensvaardig.

***LIDMAATSKAP* (Artikel 8 van die grondwet)**

8.1 'n Aansoek om lidmaatskap spruit voort uit werwing deur, of op uitnodiging van *Die Voortrekkers* soos in die betrokke reglement bepaal.

8.2 Elke voornemende lid wat hom vereenselwig met die grondslag, wese, doelstellings en kode van *Die Voortrekkers* kan aansoek doen om lidmaatskap.

8.3 'n Voornemende lid se aansoek of aanbod om lidmaatskap word hanteer soos in die betrokke reglement bepaal, en word goedgekeur nadat daar na die mening van *Die Voortrekkers* aan al die vereistes voldoen is.

8.4 In die geval van voornemende *jeuglede* moet die jeuglid se ouer/voog hom vergewis van die grondslag, wese, doelstellings en kode van *Die Voortrekkers* en skriftelik toestemming gee dat die jeuglid daaraan blootgestel word.

8.5 In die geval van lidmaatskap van *offisiere, staatmakers* en *heemraadslede* moet 'n voornemende lid:

8.5.1 die grondslag, wese, doelstellings en kode van *Die Voortrekkers* onderskryf en uitleef;

8.5.2 'n lidmaat wees van 'n aanvaarde Christelike kerk.[3]

8.6 'n Aansoek om lidmaatskap kan sonder opgaaf van redes geweier word.

8.7 Alle goedgekeurde lede word geregistreer.

8.8 Na registrasie moet lede behalwe erelede, beskermhere en jeugvriende ingelyf word deur die toepaslike belofte af te lê.

8.9 'n Lid se lidmaatskap van *Die Voortrekkers* kan beëindig word soos in die betrokke reglement bepaal.

---

[3] ***‘n aanvaarde Christelike kerk*** **‘n gemeenskap is van Christene wat die algemene belydenisse van die algemene Christelike kerke onderskryf, in die Drie-enige God glo, Jesus Christus as die enigste Verlosser en Saligmaker bely en die Bybel as die enigste geïnspireerde en onfeilbare Woord van God aanvaar;**

BELOFTES
Elke lid van *Die Voortrekkers* moet die toepaslike belofte aflê nadat sy lidmaatskap goedgekeur is.

Penkoppe en Drawwertjies (Leerlinge tot graad 7)
Ek sal oral en altyd probeer om 'n Voortrekker te wees, om gehoorsaam te wees, om my volk, my land en my medemens te dien en bo alles die Here lief te hê.

Verkenners (Leerlinge in graad 8 tot graad 12)
Op my eer beloof ek dat ek sal strewe om God te eer, om my volk, my land en my medemens te dien en om die Voortrekkerkode na te leef.

Staatmakers (Naskoolse persone ouer as 18 jaar wat nie offisiere is nie)
Ek beloof dat ek sal strewe om te volhard in diens aan die Drie-enige God, my volk, my land en my medemens. Ek vereenselwig my met en onderskryf die grondslag, wese en doelstellings van Die Voortrekkers en onderneem om die doelstellings van Die Voortrekkers te bevorder.

Offisiere
Ek beloof dat ek sal strewe om te volhard in diens aan die Drie-enige God, my volk, my land en my medemens. Ek vereenselwig my met en onderskryf die grondslag, wese en doelstellings van Die Voortrekkers en onderneem om dit aan die jeug oor te dra.

Heemraadslede (Volwasse persone wat op 'n kommandobestuur verkies/benoem is)
Ek vereenselwig my met en onderskryf die grondslag, wese en doelstellings van Die Voortrekkers. Ek beloof om alles in my vermoë te doen om Die Voortrekkers in my omgewing met raad en daad te ondersteun en om die doelstellings van Die Voortrekkers te bevorder.